Begripstoets : Klara soek haar Pa

Klara soek haar pa

Pieter W. Grobbelaar

Die Jansens woon op 'n plaas in die **Koue Bokkeveld**. Hulle woon aan die voet van baie hoë berge. Dit is baie koud daar.

Die pa is April Majola Jansen. Hy werk op die plaas. Op die plaas boer hulle met pere, appels en pruime. Hulle plant ook aartappels en uie.

Die ma is Maria Jansen. Sy werk in die plaashuis. Sy maak kos en help om die huis skoon te hou.

Klara Majola is pa April en ma Maria se dogter. Sy is hul tweede kind.

Hulle lewe gelukkig op die plaas. Almal op die plaas hou van Klara. Sy is 'n vriendelike en flukse meisie wat graag help waar sy kan.

Daar is net een ding wat **hinder**. Die pa se oë is swak. Hy sukkel om te sien. Sy oë word al swakker.

Op 'n dag kan hy glad nie meer sien nie. April Majola is blind.

Maar April Majola is nie 'n mens wat kan **leeglê** nie. Hy sit hand by met die los werkies op die plaas. Met sy **kierie** loop hy waar hy moet wees.

Elke dag gaan haal hy **vuurmaakhout** om by hul huisie te gebruik.

En die gesin woon nog gelukkig op die plaas.



Vraag 1 :

“Hulle woon aan die voet van baie hoe berge”

Wat word bedoel met die voet van ’n berg? (1)

Vraag 2 :

“Die pa se oë is swak”

2.1) Wat kan veroorsaak dat iemand se oë swak raak ? (2)

2.2) Wat dink jy sal dit beteken vir sy werk as hy nie meer kan sien nie ? Brei uit op jou antwoord (3)

2.3) Wat word beteken met die woord **leeglê** (1)

Vraag 3:

3.1) Die Janssen woon op ’n plaas sonder elektrisiteit wat dink jy word die vuurmaakhout vir gebruik? (2)

3.2) Op hierdie plaas in die koue Bokkeveld boer die Janssen ‘s met drie dinge, noem hulle (3)

3.3) Klara Majola is die hoeveelste kind van die Janssen ’s ? (1)

3.4) in die tweede paragraaf gee hulle twee byvoeglike naamwoorde oor Klara , skryf hulle neer (2)

3.5) Gee die trappe van vergelyking vir “ swak” (2)

Op 'n wintermiddag stap Pa April weer uit om te gaan hout soek.
Hy voel die wind.
Nee, die wind is koud vandag.
Hy **snuif** die lug.
Nee, die lug is nat vandag.
Vannag gaan dit sommer baie reën, sê hy vir homself. Hy sal moet sorg vir genoeg hout.
April bring sy eerste **bondeltjie** huis toe. Dit lyk of hulle vannag nog hout sal nodig hê. Hy loop 'n tweede maal uit in die koue.

Dit word al laat, maar April kom nie terug nie.
Maria word onrustig. Sy kyk uit buitentoe, maar sien nie haar man nie.
"Waar bly julle pa dan?" vra sy vir die kinders.
Hulle voel almal bekommerd.
"Ek sal Pa gaan haal," sê Klara.
"Dis goed, my kind," sê Maria. "Maar jy sal baie koud kry. Vat hierdie jas van my."
Klara trek die jas aan.
"Jy sal honger word," sê Maria. "Hier is vir jou 'n stukkie brood."
"Dankie, ma," sê Klara. Sy neem die stukkie brood.
Toe loop sy in die **skemerte** uit.

Vraag 4

4.1) Gee die Antoniem vir die volgende woorde : (3)

4.1.1) Winter

4.1.2) Koud

4.1.3) Nat

4.2) skryf die volgende sine in die verlede tyd : (3)

4.2.1) " Ek sal Pa gaan haal"

4.2.2) "Maar jy sal baie koud kry"

4.2.3) "Hier is vir jou 'n stukkie brood"

4.3) Gee die verkleinwoordjie van die volgende woorde: (3)

4.3.1) Kind

4.3.2) Jas

4>3.3) Brood

4.4) Die laaste sin lees : "Toe loop sy in die skemerte uit." Skryf 'n kort storie van ten minste 2 paragrawe wat met hierdie sin begin. (5)